KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 19 APRIL 2016 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**:

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl E Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl Me S Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh A De Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh R Van Rooy | [COPE] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr J Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste (waarnemende Munisipale Bestuurder) |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr J van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Me A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me J Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Me J Rosenberg | - | Administratiewe Beampte: Beplanning en Ontwikkeling |
| Me C Cloete | - | Klerk: Komiteedienste |

AKSIE

**BKN001/04/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Mnr Ian Schaffers (Koördineerder van Flow-Ambassadeurs) open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Flow Ambassadeurs.

***

**BKN002/04/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – (siekverlof)

***

**BKN003/04/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot enige item op die agenda, het nie.

***

**BKN004/04/2016**
**<u>BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 29 MAART 2016</u>**
**3/3/2/2**

***C CLOETE: KOMITEE DIENSTE***

**<u>Besluit:</u>**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 29 Maart 2016 bekragtig word.

***

**BKN005/04/2016**
**<u>VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER</u>**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende verklarings/mededelings:

- Die Voorsitter bedank die Munisipale Bestuurder, Direksie en administrasie vir die wyse waarop die “Bring the Budget to the People” - byeenkoms hanteer was asook die teenwoordigheid en ondersteuning van elke Raadslid wat bygedra het tot die suksesvolle geleentheid.
- Verder bedank die Voorsitter Minister Ivan Meyer en sy span, in hul afwesigheid, en versoek dat ‘n skrywe aan hul gerig word waarin Berg-rivier Munisipaliteit hul waardering uitspreek.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN006/04/2016**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: FLOW AMBASSADEURS</u>**
**3/3/1/5**

Mnr Ian Scheffers gee ‘n bondige samevatting met betrekking tot die vorige ambassadeurs. Die Voorsitter reël dat elke Flow Ambassadeur hom/haar voorstel aan die Burgemeesterskomitee.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN007/04/2016**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/04//2016**
**<u>DRINGENDE SAKE/VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder meld dat die hersiening van die Brandveiligheidsverordening as ‘n dringende item op die agenda geplaas word.

***(Sien verdere notulering by 009)***

***

**BKN009/04/2016**
**<u>HERSIENING VAN DIE BRANDVEILIGHEIDSVERORDENING</u>**
**1/4/1**
***(Dokument word ter tafel gelê)***

Die Hoof: Rampbestuur gee kortliks agtergrond met betrekking tot die brandveiligheidsverordening en meld dat enkele veranderings gemaak is.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR RAAD</u>**

Dat die Brandveiligheidsverordening in konsep **goedgekeur** word en geadverteer word vir publieke deelname, waarna die Raad dit vir goedkeuring sal oorweeg.

***

**BKN010/04/2016**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN ERF 65, EENDEKUIL</u>**
**7/2/3/2, E 65**

Raadsheer Van Rooy gee agtergond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad se voorneme om ‘n Gedeelte van Erf 65, Eendekuil aan Eskom te verhuur, geadverteer word en indien geen besware ontvang word nie, daar voortgegaan word met die verlenging van die bestaande huurkontrak vir ‘n onbepaalde tydperk met wedersydse kennisgewing van twee maande vir beeïndiging van kontrak; en
2. Dat paragraaf 2 van bestaande huurooreenkoms dienooreenkomstig aan-gepas word.

***

**BKN011/04/2016**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERWE 539, 4011 EN 4092, PIKETBERG</u>**
**7/2/3/1, PB 539, 4011 & 4092**

Raadsheer Van Rooy lees die aanbeveling aan die Burgemeesterskomitee voor.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat Erwe 4011 en 4092, Piketberg, by wyse van tender vervreem word en adverteer word vir 30 dae;
2. Dat die Munisipale waardasies as insetprys gebruik word; en
3. Dat Erf 539, Piketberg nie per tender vervreem word nie omrede daar ‘n grondeis teen die eiendom geregistreer is.

***

**BKN012/04/2016**
**OPNEEM VAN EKSTERNE LENINGS**
**5/14/1/3**

Raadslid Crafford lei die item in.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die volgende eksterne lenings ten bedrae van R6 130 000.00 by ABSA Bank opneem vir die gedeeltelike finansiering van sy kapitaaluitgawes vir die 2015/2016 finansiële jaar en wel soos volg:

1. **R5 700 000.00 oor 10 jaar** soos per tender by ABSA Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaiemente geskied op 30 Junie van elke jaar, en

2. Dat die Raad voertuig finansiering by ABSA Bank aangaan ten bedrae van **R430 000.00 oor 5 jaar** soos per tender. Betaling van jaarlikse paaiemente geskied op 30 Junie van elke jaar.

***

**BKN013/04/2016**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: FEBRUARY 2016**
**9/1/2**

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council notes the Monthly Budget Statement: February 2016 as tabled at the meeting.

***

**BKN014/04/2016**
**BEPALING VAN DIE KATEGORIE VAN EIENDOMME VIR WAARDASIE DOELEINDES**
**5/15/2**

Raadslid S Crafford gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**:

1. Dat die lys van kategorieë wat tans gebruik word, behou word en dat slegs "public service infrastructure properties (PSI) and public service purposes (PSP)" bygevoeg word;
2. Oorheersende gebruik (Artikel 9(1)(b) van Municipal Property Rates Act, 6 of 2004) van die eiendom gebruik word by die bepaling van die kategorie vir belastingdoeleindes; en

3. Dat die kategorie Holiday Resort ***bygevoeg*** word.

***

**BKN015/04/2016**
**<u>REVIEW OF THE ANTI-FRAUD AND CORRUPTION POLICY</u>**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor give a brief summary of the item under discussion.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

1. That the Performance and Audit Committee review the Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan); and
2. That the Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan) be presented to the Mayoral Committee for consideration and to Council for final approval.

***

**BKN016/04/2016**
**<u>REVIEW OF THE RISK POLICIES</u>**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

That the Audit Committee review the below mentioned policies and recommend it to Council for approval.

(a) Risk Management Policy with annexure;
(b) Risk Appetite Framework;
(c) Risk Strategy with Implementation Plan; and
(d) Risk Committee Charter.

***

**BKN017/04/2016**
**<u>AANSOEK OM ONDERVERDELING: GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS KERSEFONTEIN NO. 129, AFDELING PIKETBERG</u>**
**15/3/4, Plaas 129/3**

Raadsheer Van Rooy lig die item toe.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE BURGEMEESTERS-KOMITEE</u>**

Dat die aansoek ingevolge artikel 25 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir onder-verdeling van Gedeelte 3 van die plaas Kersefontein No. 129, Afdeling Piketberg in twee gedeeltes naamlik Gedeelte A (± 162 ha groot) en Restant (± 1563 ha groot), **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat:

1. Gedeelte A van Gedeelte 3 van die plaas Kersefontein No. 129 na onderverdeling gekonsolideer word met Gedeelte 4 van die plaas Kersefontein No. 129;
2. Die voorwaardes uiteengesit in die brief van die Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke met verwysing nommer *16/9/6/1-02/21 (Job 23325),* gedateer 28 September 2015, nagekom word;
3. Die voorwaardes uiteengesit in die brief van die Nasionale Departement van Water en Sanitasie gedateer 6 Oktober 2015, met verwysing nommer *16/2/7/G10M/A/8*, nagekom word; en
4. Die voorwaardes gestel deur Nasionale Departement van Landbou, Bosbou en Visserye met hul toestemming verleen in terme van die Wet op Onderverdeling van Landbougrond, 1970 gedateer 5 Februarie 2016, met verwysing nommer *2015_08_0177* (Toestemming No. 51064) nagekom word.

***

**BKN018/04/2016**
**<u>DATUM VAN ALGEMENE WAARDASIEROL</u>**
**5/15/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste gee 'n kort oorsig van die item onder bespreking.

**<u>Besluit:</u>**

Dat **Woensdag 1 Julie 2017** bepaal word as die waardasie datum in terme van Artikel 31 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendoms-belasting (Wet 6 van 2004)

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN019/04/2016**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN020/04/2016**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN021/04/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN022/04/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/ KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:50*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |
| ***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | |

***